GEDRAGSKODE

EK AANVAAR dat elke mens ingevolge die Handves van Menseregte soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika:

- Vry is en op gelyke en regverdige behandeling geregtig is voor die Reg;
- Die demokratiese reg het om ‘n keuse uit te oefen aangaande enige regmatige aktiwiteit of beroep wat hy of sy wil beoefen;
- In die uitoefening van sy of haar regte, hom of haar daarvan sal weerhou om inbreuk te maak op die regte van ander wetsgehoorsame mense;
- Die reg het om hom- of haarself of enige ander persoon teen onregmatige geweldadige aanvalle te beskerm; en
- Godsdienstige en politieke vryheid geniet.

EK ONDERNEEM om die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika te beskerm en gehoorsaam en nie op enige ongrondwetlike wyse te poog of saam te sweer om die Grondwetlike gesagstrukture omver te werp nie.

EK VERBIND my onvoorwaardelik om:

- Die Grondwet en Regulasies van die Pretoria Wapen- en Ammunisievereniging te beskerm en na te volg;
- Alle wapenveiligheids- en baanreëls nougeset na te kom;
- My te onderwerp aan enige tugmaatreëls wat teen my ingestel mag word weens die verbreking of oortreding van enige veiligheids- of baanreëls;
- My te weerhou van die gebruik van enige dwelms of alkoholiese drank voor of tydens enige byeenkoms van die vereniging, of enige ander geleentheid, waar wapens gebruik word;
- My te alle tye waardig te gedra en my mede lede, hul familielede en gaste te respekteer, nie ‘n bespotting of ‘n oorlas van my te maak deur oormatige gebruikmaking van sterk drank nie en geen gekruide of onwelvoeglike taal of gebare tydens enige byeenkoms van lede van die vereniging te gebruik nie;
- Vuurwapens te respekteer en te streef na die verbetering van my kennis en kundigheid in die versameling en gebruik daarvan;
- In die beoefening van enige jag of wapensport my te onderwerp aan die voorgeskrewe reëls en etiese norme wat daarop van toepassing mag wees.

CODE OF CONDUCT

I ACCEPT that in terms of the Bill of Rights as contained in the Constitution of the Republic of South Africa, every person:

- Is free and entitled to equal treatment before the law;
- Has the democratic right to exercise a choice regarding any lawful activity or profession he or she wants to pursue;
- In the exercise of his or her rights, shall refrain from infringing the rights of other law-abiding persons;
- Has the right to defend him or herself or any other person against unlawful violent attacks; and
- Has the right to religious and political freedom.

I UNDERTAKE to protect and obey the Constitution of the Republic of South Africa and not in any unconstitutional manner to attempt or conspire to overthrow the Constitutionally instituted structures.

I AGREE unconditionally to:

- Protect and abide by the Constitution and Regulations of the Pretoria Arms and Ammunition Association;
- Conscientiously follow all firearm safety and range rules;
- Subject myself to any disciplinary proceedings that may be instituted against me because of my infringement or contravention of any safety or range rule;
- Refrain from using any drugs or alcoholic beverages before or during any activity of the Association, or at any other occasion, during which firearms are used;
- At all times behave in a dignified manner and to respect my fellow members, their family and guests, not to ridicule anyone or make a nuisance of myself by excessive use of alcohol and to abstain from foul or obscene language or signs during or at any gathering of members of the Association;
- Respect firearms and to strive towards improving my knowledge of and competence in the collection and use thereof;
- In all firearms related sport and hunting, subject myself to the applicable prescribed rules and ethical norms.